

## PROVINSIALE KENNISGEWING 118 VAN 2017

## SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996 (WET NR 84 VAN 1996)

SAMESTELLING EN VERKIESING VAN BEHEERLIGGAME VAN  
OPENBARE SKOLE VIR LEERDERS MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTE

**Ek, Mthandeni Erick Dlungwana**, Lid van die Uitvoerende Raad belas met onderwys in die Provinsie KwaZulu-Natal het ingevolge artikels 24 en 28 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet nr 84 van 1996), soos gewysig, aangeleenthede wat verband hou met Beheerliggame, soos beoog in hierdie bylaag, bepaal.

## BYLAAG

## Omskrywings

1. In hierdie kennisgewing het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet toegewys is, tensy uit die samehang anders blyk, 'n soortgelyke betekenis, en beteken -

**"Assistent Skooldiesbeampte"** 'n persoon in diens van die Departement of Beheerliggaam en deur die Skooldiesbeampte aangestel om bystand tydens verkiesings te lewer, maar wat nie die hoof van 'n skool mag wees waar verkiesings gehou word nie, en ook nie as 'n kiesbeampte by enige ander skool aangestel is nie;

**"dag"** 'n kalenderdag met inbegrip van Saterdag, Sondag en openbare vakansiedae;

**"Departement"** die KwaZulu-Natal Departement van Onderwys;

**"Distrikskiesbeampte"** 'n senior distriksbeampte by 'n distrikskantoor wat verantwoordelik is om oor die verkiesingsproses in die distrik toesig te hou en dit te bestuur;

**"eerste vergadering"** 'n vergadering wat uitsluitlik gehou word vir die verkiesing van ampsdraers na afhandeling van die verkiesing van lede van die Beheerliggaam;

**"gekombineerde skool"** 'n openbare skool wat leerders van grondslagfase tot senior fase of senior fase tot verdere-onderwys-en-opleidingsfase of grondslagfase tot verdere onderwys-en-opleidingsfase inskryf;

**"gekoöpteerde lede"** –

- (a) lede sonder stemreg wat gekoöpteer is om die Beheerliggaam by te staan om sy funksies uit te voer;
- (b) die eienaar van die privaateiendom waarop die openbare skool geleë is en wat nie oor stemreg beskik nie;
- (c) lede met stemreg wat gekoöpteer is in afwagting van die tussenverkiesing om uittredende ouerlede te vervang wat nie hulle termyn voltooi het nie;

**"geslote vergadering"** 'n vergadering wat slegs oop is vir –

- (a) ouers vir die verkiesing van ouers;
- (b) opvoeders vir die verkiesing van opvoeders;
- (c) lede van die personeel vir die verkiesing van lede van die personeel; en
- (d) leerders van die verteenwoordigende raad van leerders;

**"hoof"** die opvoeder wat aangewys is of waarnaem as die hoof van 'n openbare skool en belas is met die professionele bestuur en administrasie van die skool;

**"Hoof van Departement"** Hoof van Departement van Onderwys in die Provinsie KwaZulu-Natal;

**"kieser"** 'n ouer in die ouerkomponent, 'n opvoeder in die opvoederkomponent, 'n lid van die personeel in die lid-van-die-personeelkomponent en 'n leerder van die verteenwoordigende raad van leerderskomponent;

**"lid"** 'n lid van die Beheerliggaam;

**"Lid van die Uitvoerende Raad"** die Lid van die Uitvoerende Raad belas met onderwys in die Provinsie KwaZulu-Natal;

**"lid van personeel"** 'n persoon wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Wet nr 103 van 1994) of die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet nr 84 van 1996), soos gewysig, aangestel is en wat nie 'n opvoeder by die skool is nie;

**"Minister"** die Minister van Basiese Onderwys;

**"openbare skool"** 'n openbare skool vir leerders met spesiale onderwysbehoefte;

**"opvoeder"** enige persoon wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele onderwysdienste by 'n openbare skool lewer met inbegrip van professionele terapie en onderwyskundige sielkundige dienste maar sluit nie 'n persoon in wat aangestel is om uitsluitlik buitekurrikulêre dienste te lewer nie;

**"ouers" –**

- (a) die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder;
- (b) die persoon wat wettiglik toesig oor die leerder het; of
- (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon bedoel in paragrawe (a) en (b) met betrekking tot die leerder se opvoeding op skool te vervul;

**"Provinsiale Kiesbeampte"** 'n senior provinsiale beampte by 'n provinsiale kantoor belas om toesig oor die verkiesingsproses in die Provinsie te hou en dit te bestuur;

**"skool"** 'n skool wat leerders in een of meer grade van Graad R tot Graad 12 inskryf;

**"Skoolkiesbeampte"** 'n skoolhoof, waarnemende skoolhoof of 'n beampte wat nie by die skool in diens is nie en wat deur die Hoof van Departement aangestel is om Skoolbeheerliggaamverkiesings te behartig;

**"stemreg"** die reg om te stem vir –

- (e) ouers vir die ouerkomponent;
- (f) opvoeders vir die opvoederkomponent;
- (g) lid van die personeel vir die lid van die personeelkomponent; of
- (h) verteenwoordigende raad van leerders vir die leerderkomponent;

**"verkiesingsdag"** 'n volledige dag wat deur die skool opsy gesit is met die oogmerk om verkiesings vir 'n SkoolBeheerliggaam in plaas van 'n verkiesingsvergadering te hou;

**"verkiesingsmonitors"** beamptes of belanghebbendes wat uit die provinsiale of distrik-verkiesingstaakspanne gekies is en deur die Hoof van Departement goedgekeur is, óf as waarnemers, óf as toesighouers, óf as opsieners van verkiesing;

**"verkiesingsvergadering" –**

- (a) vier afsonderlike verkiesingsvergaderings wat uitsluitlik gehou is vir die benoeming en verkiesing van alleenlik ouers, alleenlik opvoeders, alleenlik lede van die personeel wat nie opvoeders is nie, alleenlik leerders van die verteenwoordigende raad van leerders, na gelang van die geval; en
- (b) 'n tussenverkiesing;

**"verteenwoordigende raad van leerders" (VRL)** 'n verteenwoordigende raad van leerders ingestel ingevolge artikel 11 van die Wet; en

**"Wet"** die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet nr 84 van 1996) soos gewysig.

**Samestelling van Beheerliggame vir openbare skole**

- 2. (1) Die lede van die Beheerliggaam van 'n openbare skool bestaan uit die volgende lede -
  - (a) verkose lede;
  - (b) die hoof uit hoofde van sy of haar amptelike hoedanigheid; en

- (c) gekoöpteerde lede met of sonder stemreg, na gelang van die geval.
- (2) Die verkose lede van 'n Beheerliggaam bedoel in subklousule (1) (a) bestaan uit die volgende –
- (a) ouers van leerders by die skool;
  - (b) opvoeders by die skool;
  - (c) lid van die personeel wat nie 'n opvoeder by die skool is nie;
  - (d) leerders by die skool van Graad 8 of hoër gekies uit die VRL, indien van toepassing.
- (3) Die volgende is geskik vir aanstelling as lede van 'n Beheerliggaam -
- (a) verteenwoordigers van 'n borgliggaam of -liggame, indien van toepassing;
  - (b) verteenwoordigers van organisasies of ouers van leerders met spesiale behoeftes, indien van toepassing;
  - (c) verteenwoordigers van organisasies vir gestremde persone, indien van toepassing;
  - (d) gestremde persone of persone wat deur gestremdes in die gemeenskap aangestel is; en
  - (e) 'n kundige of kundiges in die toepaslike veld vir spesiale onderwysbehoefes.
- (4) Die getal aangestelde lede kan, afhangende van die omstandighede en die behoeftes van die skool, uit enige kategorie kom; dog, die aantal aangestelde lede mag nie vyf (5) oorskry nie.
- (5) Die ouerlede, opvoederlede, lede van die personeel- en leerderlede van 'n Beheerliggaam moet, afhangende van die tipe gradering van die betrokke skool, voldoen aan Skedule A van hierdie kennisgewing.
- (6) Voor enige jaarvergadering vir die verkiesing van ampsdraers, moet die Beheerliggaam vasstel of daar enige toename of afname in leerdertal was soos bedoel in Skedule A, en indien daar –
- (d) 'n toename in die inskrywings was wat 'n bykomende vakature in die Beheerliggaam tot gevolg het, moet sodanige vakature slegs verklaar word indien die toename in die leerdertal 10% of meer is; en
  - (b)(i) indien daar 'n afname van 10% of meer in leerdertal was en sodanige afname vereis dat een of meer opvoeders en een of meer leerders van die VRL die posisie in die Beheerliggaam moet ontruim, moet die opvoeder (of opvoeders na gelang van die geval) of leerder (of leerders na gelang van die geval) wat die laagste getal stemme ontvang het die posisie ontruim; of
  - (ii) indien lede behoorlik verkies is waar geen stemming plaasgevind het nie, moet die komponent wat deur die afname in inskrywing geraak word by wyse van geheime stem bepaal wie die posisie in die Beheerliggaam moet ontruim.
- (7) Die toename of afname in leerdertal sal lei tot óf 'n vakature in die ouerkomponent óf 'n lid van die ouerkomponent wat sy of haar posisie in die Beheerliggaam moet ontruim.

**Ampstermyn**

3. (1) 'n Beheerliggaam word vir 'n tydperk van drie (3) jaar verkies tensy anders deur die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal.
- (2) Die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal die ampstermyn van die Beheerliggame van alle skole.
- (3) Indien die Beheerliggaam -
- (a) ses (6) maande of minder oor het voordat sy ampstermyn verstryk, kan die Lid van die Uitvoerende Raad op redelike gronde en ondanks sodanige tydperk, bepaal dat die verkiesings op 'n datum gehou word wat deur hom of haar bepaal word; of
- (b) meer as ses (6) maande oor het voor die verstryking van sy ampstermyn, kan die Lid van die Uitvoerende Raad, na oorlegpleging met die betrokke Beheerliggaam, 'n datum bepaal wanneer die verkiesings moet plaasvind, ondanks die onverstreke tydperk van sy ampstermyn.
- (4) Behoudens klousules 2(2) word alle lede, uitgesonder lede van 'n VRL, ingevolge 2(2)(d), vir 'n tydperk van drie (3) jaar verkies.
- (5) Die ampstermyn van 'n Beheerliggaamlid wat 'n leerder is wat ingevolge klousule 2(2)(d) gekies is, is een (1) jaar.
- (6) Behoudens klousule 3(3), beklee 'n lid van 'n Beheerliggaam sy amp tot die verstryking van die ampstermyn van die Beheerliggaam of die uittrede lid.
- (7) Indien die Hoof van Departement, op redelike gronde, bepaal dat 'n Beheerliggaam opgehou het om een of meer funksies ingevolge die Wet te verrig, kan die Hoof van Departement behoudens klousule 22 en 25 van die Wet, sy funksie opskort en -
- (a) voldoende persone aanstel om al of een of meer sodanige funksies van die Beheerliggaam te verrig vir 'n tydperk wat nie drie (3) maande te bowe gaan nie;
- (b) die tydperk bedoel in subklousule (7)(a) verleng vir tydperke wat nie drie (3) maande op 'n keer te bowe gaan nie, welke gekombineerde tydperk nie een (1) jaar te bowe sal gaan nie; en
- (c) moet verseker dat 'n Beheerliggaam verkies word binne een (1) jaar na die aanstelling van die persone bedoel in subklousule (7)(a).
- (8) Behoudens subklousule 6, kan 'n lid van 'n Beheerliggaam herverkies word, na gelang van die geval, na die verstryking van sy of haar ampstermyn.

**Lidmaatskap van 'n Beheerliggaam**

4. (1) Die Beheerliggaam van 'n skool met spesiale behoeftes bestaan uit die volgende lede -
- (a) ouers van leerders by die skool ingeskryf waarvoor 'n Beheerliggaam verkies word, bestaande uit een ouer meer as die gekombineerde totale getal lede bedoel in subklousules (1)(b), (c), (d) en (e);
  - (b) 'n opvoeder of opvoeders, afhangende van die leerdertal by die skool soos aangetoon in Skedule A hierby aangeheg;
  - (c) een (1) lid van die personeel verkies deur die lede van die personeel wat by die skool in diens is waarvoor 'n Beheerliggaam verkies word;
  - (d) leerders, waar van toepassing, verkies deur lede van die VRL komende van die VRL in 'n skool met graad agt of hoër, waarvan die getal leerders bepaal word ingevolge Skedule A;
  - (e) die hoof, wat die Hoof van Departement in 'n skool in sy amptelike hoedanigheid verteenwoordig;
  - (f) gekoöpteerde uit die gemeenskap, indien enige, met dien verstande dat die getal lede nie vyf (5) sal oorskry nie;
  - (g) 'n lid of lede wat 'n organisasie of organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoefte verteenwoordig, indien van toepassing;
  - (i) 'n lid of lede wat 'n organisasie of organisasies van verbandhoudende gestremde persone verteenwoordig, indien van toepassing;
  - (j) 'n lid of lede wat gestremde persone in die gemeenskap verteenwoordig, indien van toepassing; en
  - (j) 'n lid of lede wat kundiges in die veld van spesiale onderwysbehoefte verteenwoordig.
- (2) 'n Beheerliggaam van 'n openbare skool wat op private eiendom geleë is, kan die eienaar van die private eiendom waarop die skool geleë is of die benoemde verteenwoordiger van sodanige eienaar, sonder enige stemreg, koöpteer.

**Verkiesbaarheid**

5. (1) 'n Persoon is nie verkiesbaar as lid van 'n Beheerliggaam nie indien -
- (a) hy of sy geestesongesteld is en as sodanige verklaar is deur 'n bevoegde hof;
  - (b) hy of sy ongerehabiliteerd insolvent is;
  - (c) hy of sy skuldig bevind is aan 'n misdryf en tot gevangenisstraf gevonnissen is sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van ses (6) maande of nog nie sy of haar volle vonnistydperk uitgedien het nie;
  - (d) hy of sy as ongeskik verklaar is om met kinders te werk soos bepaal ingevolge die Kinderwet, 2005 (Wet nr. 38 van 2005), soos gewysig;
  - (e) sy of haar naam naam opgeneem is in die Nasionale Register vir Seksoortreders saamgestel ingevolge die Wysigingswet op Seksuele Oortredings en Verbandhoudende Aangeleenthede, 2007 (Wet nr 32 van 2007)
  - (f) hy of sy 'n ouer is maar nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie en nie in besit van 'n permanente of tydelik verblyfpermit is nie;

- (g) hy of sy nie meer in die kategorie val van lede wat hy of sy verteenwoordig het tydens sy of haar verkiesing nie; of
  - (h) sy of haar lidmaatskap beëindig is deur die Hoof van Departement ingevolge artikel 18A van die Wet of enige ander toepaslike wetgewing.
- (2) 'n Lid ontruim sy of haar amp indien hy of sy -
- (a) nie aan die vereistes voldoen nie soos in klousule 4(1) uiteengesit;
  - (b) gediskwalifiseer word ingevolge subklousule (1);
  - (c) bedank;
  - (d) tot afsterwe kom;
  - (e) van twee (2) opeenvolgende gewone vergaderings van die Beheerliggaam afwesig was sonder om skriftelik verskoning aan te bied;
  - (f) van die amp onthef word ingevolge artikel 18A van die Wet;
  - (g) geraak word deur 'n afname van meer as 10% in die leerdertal soos bedoel in klousule 2(6)(b);
- (3) Die hoof moet –
- (a) ten alle tye verseker dat die Beheerliggaam behoorlik saamgestel is ingevolge hierdie kennisgewing;
  - (b) die Kringbestuurder skriftelik, binne vyf (5) nadat daar bevind is dat 'n lid nie verkiesbaar is nie, in kennis stel van 'n lid wat nie langer verkiesbaar is as lid van die Beheerliggaam nie.
- (4) By ontvangs van die inligting bedoel in subklousule (3), moet die Kringbestuurder in beheer van die betrokke skool, die distrikkiesbeampte skriftelik en binne vyf (5) dae na ontvangs van die inligting in kennis stel van 'n lid wat nie langer verkiesbaar is as 'n lid van die beheerliggaam nie.
- (5) Die Distrikkiesbeampte moet –
- (a) binne vyf (5) dae na ontvangs van die inligting in subklousule (4) die inligting verifieer;
  - (b) indien die inligting geverifieer is, die lid in kennis stel dat hy of sy nie langer verkiesbaar is as 'n lid van die Beheerliggaam nie; en
  - (c) seker maak dat hy of sy sy of haar posisie ontruim.

### **Aanstelling van Provinsiale Kiesbeampte**

6. (1) Die Hoof van Departement moet skriftelik 'n Provinsiale Kiesbeampte, 'n adjunk Provinsiale Kiesbeampte en assistent Provinsiale Kiesbeamptes aanstel.
- (2) Die Provinsiale Kiesbeampte moet -
- (a) verseker daar is voldoende publisiteit vir die verkiesing;
  - (b) reël vir die aanstelling van een of meer beamptes in diens van die Departement om tydens die verkiesing bystand te lewer as assistent Provinsiale Kiesbeamptes;

- (c) verseker dat daar aan wetgewing en prosedure voldoen word met betrekking tot die verkiesings;
  - (d) die hulbronne koördineer om doeltreffende en regverdige beheerliggamverkiesings te hou;
  - (e) verseker dat die materiaal en prosedure vir die opleiding van distriks- en Skoolkiesbeamptes en spanne in plek is en dat opleiding geskied soos beplan;
  - (f) meesters (template) van alle dokumente wat vir die verkiesing vereis word, ontwikkel en voorsien;
  - (g) geskille besleg wat met die verkiesings verband hou en nie op skool- of distriksvlak besleg kan word nie;
  - (h) 'n verkiesingskedule vir alle skole in die Provinsie opstel;
  - (i) die verkiesingsproses in die Provinsie monitor en evalueer;
  - (j) 'n databasis saamstel van Beheerliggame wat hulle amp opneem;
  - (k) ondersoek instel soos deur die Hoof van Departement bepaal; en
  - (l) die induksie van nuutverkose Beheerliggamelede monitor.
- (3) Die adjunk Provinsiale Kiesbeampte en die assistent Provinsiale Kiesbeamptes verleen bystand aan die Provinsiale Kiesbeampte met die uitvoering van sy of haar funksies en pligte.

#### **Verkiesing van Distrikskiesbeamptes**

7. (1) Die Hoof van Departement moet skriftelik 'n Distrikskiesbeampte, 'n adjunk Distrikskiesbeampte en assistent Distrikskiesbeamptes aanstel.
- (2) Die Distrikskiesbeampte moet -
- (a) reël vir die aanstelling van een (1) of meer beamptes van die Departement om bystand tydens die verkiesing te verleen as Assistent Distrikskiesbeamptes;
  - (b) die verkiesingsproses in die distrik koördineer;
  - (c) reël vir die aanstelling van Skoolkiesbeamptes;
  - (d) voldoening aan die verkiesingsproses verseker;
  - (e) die Skoolkiesbeamptes met raad bedien aangaande die boogde strategie en implementering van die verkiesing in die distrik en toesien dat die proses verloop soos ooreengekom;
  - (f) 'n bestuurplan opstel om die provinsiale regulasies te implementeer;
  - (g) verseker dat elke skool oor 'n kiesbeampte in ooreenstemming met die provinsiale regulasies beskik, en dat skoolverkiesingspanne daargestel word;
  - (h) verseker dat alle kiesbeamptes wat op skoolvlak werk genoegsaam opgelei is en weet wat hulle rolle behels;
  - (i) verseker dat die alle kiesbeamptes die provinsiale verkiesingskennisgewing en ander dokumente betyds ontvang;
  - (j) verseker dat verkiesingsvoorspraak gedoen is soos beplan;
  - (k) verseker dat die totale verkiesingsproses gemonitor word;



- (l) verseker dat die name en kontakbesonderhede van die persone wat op Beheerliggame verkies word op die toepaslike vorms voltooi en by die hoof en die distrikskantoor ingedien word binne ses dae nadat die verkiesing plaasgevind het;
  - (m) verseker dat die datavorm van die skoolhoof ontvang en by die distrik ingedien word binne sewe (7) dae na die eerste vergadering waartydens die ampsdraers verkies is;
  - (n) geskille besleg wat verband hou met die verkiesings wat nie op skoolvlak besleg kon word nie;
  - (o) 'n databasis ontwikkel van nuutverkose Beheerliggame en die databasis aan die Provinsiale Verkiesingskoördineerder stuur; en
  - (p) 'n geskrewe distriksverslag oor verkiesings saamstel en by die provinsiale verkiesingskoördineerder indien.
- (3) Die Adjunk Distrikskiesbeampte en die Assistent Distrikskiesbeamptes moet die Distrikskiesbeampte met die uitvoering van sy of haar funksies bystaan.
- (4) Die adjunk Distrikskiesbeampte en Assistent Kiesingsbeamptes kan die Distrikskiesbeampte met raad bedien aangaande enige aangeleentheid wat met die verkiesings in verband staan.

#### **Aanstelling van Skoolkiesbeamptes**

8. (1) Die Hoof van Departement moet 'n Skoolkiesbeampte skriftelik aanstel vir die verkiesing van ouers, opvoeders, lede van die personeel en vir leerders van die VRL as lede van 'n Beheerliggaam van 'n openbare skool.
- (2) 'n Hoof mag nie as 'n kiesbeampte aangestel word by die skool waar hy of sy in diens is nie.
- (3) Die Skoolkiesbeampte moet een (1) of meer beamptes of opvoeders in die diens van die Departement of deur die SkoolBeheerliggaam in diens geneem skriftelik aanstel om bystand te verleen as Assistent Kiesbeamptes.
- (4) Die Skoolkiesbeampte moet voor sit by alle verkiesingsvergaderings met inbegrip van tussenverkiesings en die verkiesing van ampsdraers vir die duur van die ampstermyn van die verkose Beheerliggaam. In buitengewone omstandighede, sou die Skoolkiesbeampte nie beskikbaar wees om voor te sit by enige verkiesingsvergadering nie, moet die Hoof van Departement 'n Skoolkiesbeampte skriftelik vir daardie verkiesingsvergadering aanstel.
- (5) Die Skoolkiesbeampte en die Assistent Skoolkiesbeampte mag nie 'n kandidaat of die voorsteller of sekondant van 'n kandidaat wees nie.
- (6) Die pligte van 'n Skoolkiesbeampte is om, onder meer, -
- (g) in oorleg met die skoolhoof te verseker dat 'n kennisgewing met besonderhede van die datum, tyd en plek van die benoeming en verkiesingsvergadering opgestel word en deur die skoolhoof afgestuur word;

- (h) te verseker dat daar 'n geskikte plek is vir die benoeming en verkiesingsvergadering;
- (i) te verseker dat die skoolverkiesingspan kennis dra van die verkiesingsproses wat gevolg staan te word en voldoen aan die verbandhoudende wetgewing;
- (j) in te gryp en enige geskil op die dag van die verkiesing by te lê;
- (k) die verkiesingsuitslae by die distrikskantoor in te dien; en
- (l) voor te sit by 'n vergadering wat wat byeengereop is vir die aanstelling van lede om in die Beheerliggaam te dien.

### **Aanvaarbare gedragstandaarde vir die Provinsiale, Distriks- en Skoolkiesbeamptes**

9. (1) Ondanks die aanvaarbare gedragstandaard, bevoegdhede en pligte soos voorgeskryf in die Wet asook in ander verbandhoudende wetgewing en beleidsdokumente, moet die provinsiale, distriks- en Skoolkiesbeamptes -
- (a) eerlik en met waardigheid handel;
  - (b) op 'n onpartydige wyse handel;
  - (c) vertrou wees met die verkiesingsproses en die toepaslike wetgewing;
  - (d) die verkiesing behartig ingevolge die provinsiale voorskrifte;
  - (e) met skoolbestuurders en lynbestuur saamwerk;
  - (f) die stemproses op 'n onpartydige en regverdige wyse bestuur;
  - (g) probleme wat mag opduik met beleefdheid hanteer;
  - (h) vriendelik en pligsgetrou wees; en
  - (i) nie sy of haar mandaat oorskry nie.
- (2) 'n Kiesbeampte moet 'n eed of plegtige verklaring, in 'n formaat wat deur die Hoof van Departement bepaal word, onderteken voordat hy of sy die pligte van 'n kiesbeampte mag uitoefen.
- (3) Die gedrag van werknemers van die Department wat as kiesbeamptes aangestel is, word gereguleer deur die verbandhoudende departementele wetgewing en beleidsdokumente.

### **Kieserslys**

10. (1) Die hoof moet 'n afsonderlike kieserslys vir vir elke van die volgende opstel -
- (a) ouers;
  - (b) opvoeders;
  - (c) lede van die personeel; en
  - (d) leerders van die VRL;
- (2) Die kieserslys moet soos volg opgestel word –
- (e) Die kieserslys vir ouers moet opgestel word vanaf die skooltoelatingsregister. Stemgeregtigdes is daardie persone wie se name in die toelatingsregister verskyn of wat bewys kan lewer dat hulle ouers is soos in die Wet omskryf. Slegs twee (2) ouers per leerder is geregtig om te stem.
  - (f) Die kieserslys moet al die opvoeders insluit wat by die skool in diens is.

- (g) Die kieserslys vir lede van die personeel moet al die lede van die personeel insluit wat by die skool in diens is.
  - (h) Die kieserslys vir leerders moet al die lede van die VRL insluit.
- (3) Die volgende riglyne moet deur die hoof in aanmerking geneem word om bewys van ouerskap te bepaal ten opsigte van die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom van die biologiese, aannemende, wettige voog of die persoon wat geregtig is op die versorging van 'n leerder in omstandighede waar bogenoemde steeds leef -
- (a) Die redes van die persoon wat onderneem om die verpligtinge van die bogenoemde na te kom;
  - (b) by wie die leerder tuisgaan;
  - (c) waar die huis geleë is van die persoon wat onderneem om die verpligtinge van die biologiese, aannemende, wettige voog of die persoon wat geregtig is op versorging na te kom;
  - (d) die nabyheid van die huis van die persoon bedoel in subklousule 10(3)(c) hierbo aan die skool;
  - (e) die verpligtinge bedoel hierbo moet wyer strek as finansiële verpligtinge en oorweging moet geskenk word aan die verpligting met betrekking tot die leerder se opvoeding en die dag-vir-dag versorging en ondersteuning van die leerder;
  - (h) die algehele betrokkenheid en verantwoordelikheid van die persoon wat onderneem om die verpligtinge na te kom van die persone bedoel in subklousule (3)(c) hierbo met betrekking tot die leerder;
  - (i) indien die leerder ander broers en suster in die skool het, moet oorweging geskenk word aan wie ouerskap vir die ander broers en suster aanvaar. Die inligting wat verskaf word met betrekking tot die ander broers en susters moet vergelyk word met die inligting wat verskaf word met betrekking tot die betrokke leerder;
  - (h) die verhouding van die persoon wat onderneem om die verpligtinge met betrekking tot die leerder na te kom;
  - (i) die skoolhoof moet 'n redelike ondersoek in die gemeenskap doen om vas te stel wie die gemeenskap as die ouer beskou;
  - (l) enige ander redelike verduideliking vir die persoon wat onderneem om die verpligtinge te vervul van die persone hierbo bedoel; en
  - (m) elke saak moet op eie meriete behandel word en die skoolhoof moet verseker dat daar konsekwentheid is met die neem van besluite om enige persoon as 'n ouer te aanvaar.
- (4) Die hoof van die skool moet minstens 14 dae voor die verkiesingsvergadering 'n brief opstel waarin ouers in kennis gestel word van die verkiesingsvergadering en dit moet vergesel gaan van die toepaslike vorm wat saam met die leerder aan die ouers gestuur word met die doel om die ouers uit te nooi om die huidige kieserslys te besigtig en om hulle besonderhede by die skool op te dateer, indien nodig.

- (5) Almal wat benoemings doen en benoemdes sekondeer, moet persone wees wie se name op die kieserslys vir hulle spesifieke kiesafdeling van verteenwoordiging op die Beheerliggaam dien.
- (6) Enige opdatering wat met die kieserslys verband hou, moet na die hoof verwys word minstens sewe (7) dae voor die verkiesingsdatum.

#### **Kennisgewing van benoeming en verkiesingsvergadering**

11. (1) Die hoof van 'n skool wat 'n verkiesingsvergadering hou moet kennisgewings opstel wat die datum, tyd en plek van die benoeming en verkiesingsvergadering uiteensit.
  - (2) Die verkiesing van die opvoederkomponent, lede van die personeel-komponent en VRL-komponent moet die verkiesing van die ouerkomponent voorafgaan.
  - (3) Minstens 14 dae voor die datum van die eerste verkiesingsvergadering moet die hoof van die skool afskrifte uitstuur van die kennisgewing van die verkiesing.
  - (4) Die hoof moet verseker dat hy of sy –
    - (a) 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering van ouers aan elke leerder by die skool oorhandig tesame met 'n mondelingse instruksie dat die kennisgewing aan die leerder se ouers oorhandig moet word, of hy of sy moet 'n afskrif van die kennisgewing per pos aan die ouers stuur;
    - (b) 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering van opvoeders aan die opvoeders oorhandig;
    - (c) 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering van lede van die personeel aan die lede van die personeel oorhandig;
    - (d) 'n afskrif van die kennisgewing van die verkiesingsvergadering van die VRL aan elke lid van die VRL oorhandig;
    - (e) sorg dat afskrifte van sodanige kennisgewings op opvallende plekke by die skool vertoon of aangebring word en op geskikte en opvallende plekke in die gemeenskap; en
    - (f) die kennisgewing op enige wyse sirkuleer wat vir die skoolgemeenskap gepas is so lank as wat dit nie die lede van die skoolgemeenskap benadeel nie.
  - (5) Die hoof moet verseker –
    - (a) dat die kennisgewings in die skool se taal van onderrig is en waar prakties in die huistaal van die leerders;
    - (b) alle ouers aangemoedig word om an die verkiesing deel te neem.
  - (6) Indien 'n nuwe skool tydens die termyn van die Beheerliggaam tot stand kom, moet die verkiesingsvergadering van die nuwe skool binne 60 dae van die totstandkoming van die skool gehou word.

**Stemreg**

12. (1) Elke ouer wie se naam op die kieserslys verskyn -
- (a) is geregtig om te stem vir ouerlede van die Beheerliggaam; en
  - (b) beskik oor een stem ten opsigte van elke benoemde met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal ouers wat verkies staan te word.
- (2) Elke opvoeder, met inbegrip van die hoof, wat by 'n skool in diens is -
- (a) is geregtig om vir opvoederlede te stem; en
  - (b) beskik oor een stem vir elke benoemde met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal opvoederlede wat verkies staan te word.
- (3) Elke lid van die personeel by die skool -
- (a) is geregtig om vir 'n lid van die personeel te stem; en
  - (b) het een stem.
- (4) Indien die skool net oor een (1) van die personeel beskik, word daardie lid as behoorlik verkies beskou word om op die Beheerliggaam te dien.
- (5) Elke lid van 'n VRL -
- (a) is geregtig om vir leerderlede te stem; en
  - (b) beskik oor een (1) stem ten opsigte van elke benoemde met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal van leerderlede wat verkies staan te word.
- (6) By volmag stem is nie toelaatbaar nie.

**Kworum vir 'n benoeming en verkiesingsvergadering**

13. (1) 'n Kworum van vyftien (15) % van kiesers op die kieserslys moet teenwoordig wees voordat daar met die benoeming en verkiesingsvergadering voortgegaan kan word.
- (2) Indien die kworum in subklousule (1) nie gekonstitueer is nie –
- (a) moet die vergadering verdaag en 'n tweede vergadering geskeduleer word vir 'n ander dag nie minder as sewe (7) dae en nie meer as 14 dae vanaf die dag waarop die vergadering verdaag het; en
  - (b) moet die hoof van die skool voldoen aan die prosedure voorgeskryf in klousule 11(4)(a) tot (f).
- (3) Die geskrewe benoemings wat voor die verdaagde vergadering ontvang is sal bykomend tot nuwe benoemings oorweeg word by die hergeskuleerde vergadering.
- (4) Die kennisgewing met betrekking tot die tweede vergadering moet meld dat geen kworum vir die tweede vergadering vereis word nie.

**Benoemings vir 'n verkiesingsvergadering**

14. (1) Die Skoolkiesbeampte moet skriftelik 'n Assistent Skoolkiesbeampte aanstel om as sekretaris vir die vergadering te dien en om die notule vir die verrigtinge op te stel.
- (2) Buiten die verkiesingsmonitors en die Assistent Skoolkiesbeamptes, moet die Skoolkiesbeampte nie enige persoon wat nie stemgeregtig is toelaat om 'n vergadering by te woon nie of die verkiesing van 'n persoon toe te laat wat nie as kandidaat kwalifiseer ingevolge klousule 2 nie.
- (3) Die Skoolkiesbeampte moet kiesers versoek om bewys van identiteit voor te lê in die vorm van 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument, of identiteitskaart, 'n geldige paspoort of bewys van tydelike of permanente verblyf vir nie-Suid-Afrikaanse burgers.
- (4) Alvorens met die verkiesing van lede van 'n Beheerliggaam voortgegaan word, moet die Skoolkiesbeampte die volgende onder die aandag van kiesers bring -
- (a) dat die ampstermyn van die huidige skool Beheerliggaam verstryk het en dat lede amptelik in kennis gestel is;
  - (b) dat die verkiesingsvergadering 'n geslote vergadering is;
  - (c) dat die bepalings van klousule 5, 'n persoon onbekwaam maak vir lidmaatskap van 'n Beheerliggaam;
  - (d) die getal persone wat verkies staan te word;
  - (e) dat elke benoemde geskondeer moet word deur 'n ouer, opvoeder, lid van die personeel of leerder van die VRL, na gelang van die geval, wat stemgeregtig is;
  - (f) dat kiesers tydens benoemings verteenwoordiging in ag moet neem en verseker dat die benoemings verteenwoordigend is van geslag, ras en, waar moontlik, benoemings insluit van persone met gestremdhede;
  - (g) dat 'n kieser een stem het vir elke vakature wat gevul staan te word; en
  - (h) dat stemming by wyse van geheime stembrief geskied; en
  - (i) dat 'n griesprosedure bestaan soos bedoel in klousule 25.
- (5) Tydens die benoemingsperiode moet die Skoolkiesbeampte -
- (a) die tyd vir benoemings bepaal en toewys;
  - (b) die kiesers aangaande die tyd toegewys, inlig;
  - (c) voldoende tyd toelaat vir die benoeming van kandidate tydens die benoemingsfase; en
  - (d) aandui dat die tyd vir benoemings verstryk het.
- (6) 'n Persoon kan in sy of haar afwesigheid benoem word mits die –
- (a) voorsteller en sekondant van die benoemde by die vergadering teenwoordig is en 'n benoemingsvorm voltooi het; en
  - (b) die benoemde persoon 'n skriftelike bevestiging dat die benoeming aanvaar is aan die hoof stuur.

- 
- (7) 'n Benoemingsvorm wat behoorlik deur die voorsteller, sekondant en die benoemde voltooi is moet binne sewe (7) dae en nie minder as vier en twintig (24) uur voor die aanvang van die vergadering deur die Skooldiesbeampte ontvang word nie.
- (8) By die vergadering kan 'n kandidaat mondelings benoem word deur -
- (a) 'n ouer van 'n leerder by die skool ingeskryf, vir 'n vakature ingevolge klousule 4(a);
  - (b) 'n opvoeder by die betrokke skool in diens, vir 'n vakature ingevolge klousule 4(b);
  - (c) 'n lid van die personeel by die betrokke skool in diens, vir 'n vakature ingevolge klousule 4(c);
  - (d) 'n leerder van die VRL ingevolge klousule 4(d), na gelang van die geval, mits 'n ander ouer, opvoeder, lid van die personeel of 'n leerder van die VRL, na gelang van die geval, die voorstel sekondeer en die benoemde persoon die vergadering mondelings of skriftelik, indien hy of sy afwesig is, in kennis stel dat hy of sy bereid is om as lid van die Beheerliggaam te dien, indien hy of sy verkies word.
- (9) 'n Skooldiesbeampte moet -
- (a) 'n persoon wat 'n kandidaat benoem die geleentheid bied om die kandidaat aan die vergadering voor te stel en redes te gee vir die benoeming; of
  - (b) 'n benoemde kandidaat die geleentheid bied om hom- of haarsself aan die vergadering voor te stel.
- (10) Tydens die benoemings, moet die Skooldiesbeampte die benoemings oorweeg en die benoeming van enige kandidaat verwerp wat -
- (a) nie benoem is in ooreenstemming met klousule 14 nie;
  - (b) nie bekwaam is ingevolge klousule 5 nie; of
  - (c) nie die benoemingsform voltooi het nie tensy skriftelike bewys aan die Skooldiesbeampte gelewer is dat sodanige benoemde gewillig sal wees om as 'n lid van die Beheerliggaam te dien.
- (11) Die Skooldiesbeampte moet die name van die benoemdes aankondig wie se benoemings aanvaar is en sorg dat benoemingsvorms behoorlik voltooi word.
- (12) Indien die totale getal benoemdes wie se benoemings aanvaar is –
- (a) minder is as die getal lede vereis ten opsigte van die betrokke kategorie, moet 'n nuwe vergadering binne 14 dae belê word waartydens nuwe bykomende benoemdes benoem moet word;
  - (b) gelyk is aan die getal lede vereis ten opsigte van die betrokke kategorie, moet die Skooldiesbeampte verklaar dat elke aanvaarde benoemde behoorlik verkies is; of
  - (c) die getal vakatures oorskry, moet die Skooldiesbeampte onmiddellik na die sluiting van die benoemings, die name van die kandidate op 'n geskikte swartbord of enige ander oppervlakte wat skoon en sigbaar is vir elkeen wat by die vergadering teenwoordig is, neerskryf en die stembriewe voorberei.

- (13) By 'n skool waar daar een lid van die personeel is, moet die Skoolkiesbeampte daardie lid meedeel dat hy of sy behoorlik op die Beheerliggaam verkies is.

### **Stemmery by die verkiesingsvergadering**

15. (1) Elke kieser het een (1) stem vir elke vakante posisie wat gevul staan te word op die Beheerliggaam.
- (2) Die Skoolkiesbeampte moet stembriewe voorberei en moet -
- (g) verseker dat elke stembrief die skoolstempel op het of enige ander onderskeidende kenmerk wat voorkom dat daar met die stembriewe gepeuter word; en
  - (h) die Verkiesingsproses verduidelik, die maksimum getal benoemdes waarvoor gestem staan te word, vermeld, asook hoe om die stem te registreer deur of 'n kruisie (x) te maak, nommers te gebruik of deur name te skryf.
- (3) 'n Kieser moet die naam of name van die kandidaat of kandidate wat deur hom of haar verkies word op die stembrief aandui wat deur die Skoolkiesbeampte verskaf word ingevolge subklousule 2(b).
- (4) 'n Persoon wat geregtig is om te stem moet sy of haar stem in die geheim op die stembrief aanbring en die opgevoede stembrief in 'n boks of ander geslote houer plaas wat vir hierdie doel verskaf is.
- (5) 'n Persoon wat nie in staat is om sy stem op die stembrief te merk nie soos bedoel in subklousule (3), kan 'n mondelingse versoek vir hulp aan die Skoolkiesbeampte of die Assistent Skoolkiesbeampte rig om sy of haar stem op die stembrief langs die gepaste kandidaat te merk.
- (6) Die Skoolkiesbeampte moet enige persoon met 'n gebrek bystaan of enige persoon wat om enige rede nie in staat is om sy stem te merk nie.
- (7) Die versoek om bystand en die voltooiing van die stembrief bedoel in subklousule vyf (5) moet in privaatheid gedoen word in 'n gebied wat deur die Skoolkiesbeampte vir daardie doel geormerk is maar binne die gebied waar die stemmery plaasvind.
- (8) Indien 'n stembrief per abuis bederf word terwyl die persoon sy of haar stem uitbring, moet die Skoolkiesbeampte –
- (a) 'n nuwe stembrief met dieselfde nommer as die bedorwe stembrief aan die persoon uitreik en die word "duplikaat" op die nuwe stembrief aanbring;
  - (b) die bedorwe stembrief bewaar en dit duidelik as "bedorwe" merk;
  - (c) rekord hou van al die bedorwe stembriewe op die betrokke vorm; en
  - (d) die rekord van bedorwe stembriewe en die stembriewe tesame met ander verkiesingsdokumente bewaar.



- (9) Die Skoolkiesbeampte moet 'n stembrief verwerp -
- (a) wat sonder 'n skoolstempel of die onderskeidende kenmerk bedoel in subklousule (2)(a) is;
  - (b) met meer kruisies (x) gemerk as die getal vakatures op die Beheerliggaam;
  - (c) met die naam van 'n persoon of persone wat nie benoem is nie; of
  - (d) wat op so wyse voltooi is dat dit onseker is in watter benoemde of benoemdes se guns die die stem uitgebring is.
- (10) Nadat al die kiesers hulle stemme uitgebring het, moet die Skoolkiesbeampte en die Assistent Skoolkiesbeamptes die stemme tel in die teenwoordigheid van drie waarnemers aangestel deur diegene wat die vergadering bywoon om die telproses waar te neem.
- (11) In die geval van 'n gelykopuitslag tussen kandidate na 'n verdere stemming, moet die Skoolkiesbeampte die dooiepunt oplos deur 'n muntstuk op te skiet en die wenner bepaal deur 'n keuse tussen kop of stert.
- (12) Die Skoolkiesbeampte moet die uitslae tydens die verkiesingsvergadering aankondig en die kandidate wat die meeste stemme op hulle verenig het as die verkose lede van die Beheerliggaam verklaar.
- (13) Die getal stemme wat 'n persoon in hierdie verkiesing behaal, bepaal nie die uitkoms van die verkiesing van ampsdraers wat ingevolge klousule 17 verkies word nie.
- (14) Die Skoolkiesbeampte moet die aandag van die leerders op artikel 32 van die Wet vestig wat die status van minderjariges op die Beheerliggaam uiteensit.

### **Aanstelling van lede**

- 16.** (1) Die hoof moet, 21 dae voor die verkiesingsdatum, aan die Distrikskiesbeampte die bylae voorlê wat die samestelling van die Beheerliggaam aandui soos bedoel in Skedule A.
- (2) Die hoof moet, 14 dae voor die die verkiesingsdatum, 'n skriftelike uitnodiging aan die volgende instellings of persone stuur en hulle uitnooi om 'n vergadering by te woon om verteenwoordigende lede in ooreenstemming met klousule 4(g) tot (k) aan te stel -
- (a) borgliggame, indien van toepassing;
  - (b) organisasies van ouers van leerders met spesiale onderwysbehoefes, indien van toepassing;
  - (c) organisasies van gestremde persone, indien van toepassing;
  - (d) gestremde persone in die gemeenskap, indien van toepassing; en
  - (e) kundiges in die toepaslike veld van spesiale onderwysbehoefes.
- (3) Die Skoolkiesbeampte moet by die vergadering voor sit en die verrigtinge bedoel in subklousule (2) behartig.

- (4) By die vergadering moet die Skoolkiesbeampte gelas dat –
- (a) organisasies wat by die vergadering teenwoordig is, verteenwoordigers aanwys om op die Beheerliggaam te dien ingevolge die bylae bedoel in subklousule (1);
  - (b) die organisasies hom of haar voorsien van die volledige besonderhede van die aangestelde persoon met inbegrip van die naam, adres, kontaknommer en e-posadres;
  - (c) indien die aangestelde persoon ophou om 'n lid van die organisasie te wees, moet die organisasie skriftelik –
    - (i) die Beheerliggaam oor die status van die lid inlig;
    - (ii) die aanstelling terugtrek;
    - (iii) terselfdertyd 'n verteenwoordiger aanstel; en
    - (iv) die naam en volledige besonderhede bedoel in subklousule (4)(b) hierbo aanstuur.
  - (d) meer as een kundige kan aangestel word afhangende van die skool se behoeftes.
- (5) Die vergadering bedoel in subklousule (2) moet die ouers se verkiesingsvergadering voorafgaan.
- (6) Die totale getal lede wat ingevolge subklousule (2) aangestel word, moet nie vyf (5) oorskry nie.
- (7) By ontvangs van die name van die aangesteltes bedoel in subklousule 16(2) en nadat die Skoolkiesbeampte hom- of haarself vergewis het dat die aangestelde die aanstelling as 'n lid van die Beheerliggaam aanvaar het, moet die SkoolBeheerliggaam onverwyld en skriftelik elke aangestelde in kennis stel van sy of haar aanstelling as 'n lid van die Beheerliggaam.

### **Verkiesing van ampsdraers**

17. (1) Die Skoolkiesbeampte kan 'n vergadering belê met die uitsluitlik doel om ampsdraers te verkies op die dag van ouers se verkiesingsvergadering indien –
- (a) die 14-dae-kennisgewing ingevolge klousule 11(3) wat uitgereik is aan ouers, opvoeders, lede van personeel en leerders van die VRL inligting bevat het dat die vergadering vir die verkiesing van ampsdraers sal plaasvind op die dag van die ouerverkiesing; en
  - (b) daar aan die kworumvereistes van die eerste vergadering voldoen is.
- (2) Indien die vergadering vir die verkiesing van ampsdraers nie plaasvind ingevolge subklousule (1) nie, moet die Skoolkiesbeampte die eerste vergadering van die Beheerliggaam belê binne sewe (7) dae na die datum van die ouers se verkiesingsvergadering.
- (3) Die Skoolkiesbeampte sit voor by enige vergadering wat belê word vir die verkiesing van ampsdraers. Voor die verkiesing van ampsdraers moet die Skoolkiesbeampte die lede van die beheerliggaam inlig aangaande –
- (a) die verantwoordelikhede van ampsdraers; en

- (b) die nodigheid om te verseker dat verteenwoordiging in aanmerking geneem word by die verkiesing van ampsdraers.
- (4) By die eerste vergadering van die Beheerliggaam moet die lede by wyse van geheime stemming 'n -
- (a) voorsitter;
  - (b) onder-voorsitter;
  - (c) tesourier; en
  - (d) sekretaris kies.
- (5) Enige lid van die Beheerliggaam verkies of aangestel ingevolge die kategorieë van persone bedoel in klousule 4(a), 4(f), 4(g), 4(h) en 4(i) en 4(j) kan as die voorsitter van die Beheerliggaam dien.
- (6) Die ampstermyn van ampsdraers is een (1) jaar.
- (7) Na die verstryking van die ampstermyn van ampsdraers moet die Skoolkiesbeampte die verkiesing van die ampsdraers vir die volgende termyn hou.
- (8) 'n Ampsdraer kan herverkies word na die verstryking van die ampstermyn.
- (9) Op versoek van die Beheerliggaam kan die hoof 'n lid van sy of haar personeel aanwys om die tesourier en sekretaris van die Beheerliggaam by te staan.
- (10) Waar, weens enige rede, die amp van een van die ampsdraers vakant raak, moet die Beheerliggaam by die eerste vergadering nadat die vakature ontstaan het een van sy lede verkies om die vakature te vul vir die onverstreke tydperk van sy voorganger.
- (11) Die hoof moet, binne 14 dae na die verkiesing, die Hoof van Departement voorsien van die besonderhede van die nuwe ampsdraers met inbegrip van name, identiteitsnommers, telefoon- of selnommers, faksnommers, adresse en e-posadresse, soos van toepassing.

### **Oorhandigingsproses**

- 18.** (1) Binne veertien (14) dae na die verkiesing van ampsdraers, moet die hoof van 'n skool, 'n verteenwoordiger van die Hoof van Departement in die Beheerliggaam, die oorhandigingsproses bestuur.
- (2) Die uittredende ampsdraers van die Skoolbeheerliggaam moet aan die nuutverkose ampsdraers alle dokumente oorhandig wat met die Skoolbeheerliggaam verband hou.
- (3) 'n Goedgekeurde oordragsertifikaat wat die minimum dokumente aantoon wat oorhandig moet word, moet uitgereik word en deur beide die uittredende en inkomende voorsitters, die hoof van die skool en die Kringbestuurder onderteken word.

- (4) Die hoof van 'n openbare skool moet binne 14 dae na die verkiesing van amspdraers 'n behoorlik voltooide oordragertifikaat aan die Distriksverkiesingbeampte besorg.

### **Daglange verkiesing**

19. (1) 'n Skool kan, indien daar dwingende redes bestaan en by wyse van 'n resoluëie van sy Beheerliggaam, kies om daglange verkiesings te hou in plaas van om 'n verkiesingsvergadering te hou indien -
- (a) die afwyking in die beste belang van die skoolgemeenskap is en optimale deelname van kiesers in die stemproses sal verseker;
  - (b) die afwyking nie onregverdig diskrimineer teen enige kiesre of groep kiesers nie; en
  - (c) voldoende voorsiening gemaak word vir die benoemingsproses.
- (2) Waar 'n Skoolbeheerliggaam 'n keuse vir 'n daglange verkiesing maak, moet die hoof van die skool -
- (a) minstens 21 dae voor die uitsending van 'n verkiesingskennisgewing skriftelik by die Hoof van Departement aansoek doen om toestemming vir die verkiesingsdag;
  - (b) dwingende redes aanvoer vir die keuse vir 'n daglange verkiesing in plaas van 'n verkiesingsvergadering;
  - (c) bewys lewer van die beskikbaarheid van monitors en 'n verkiesingspan vir die totale duur van die verkiesingsdag;
  - (d) bewys lewer van hulbronne beskikbaar om die benoemings- en verkiesingsproses vir die hele dag uit te voer; en
  - (e) bewys lewer dat die onderrig- en leerproses by die skool nie onderbreek of daarmee ingemeng sal word weens die daglange verkiesing nie.
- (3) Alvorens toestemming vir 'n daglange verkiesing by enige skool verleen word, moet die Hoof van Departement die bepalings van subklousule (2) oorweeg en hom- haarself tevrede stel dat die bepalings daarvan deur die skool nagekom is.
- (4) Die besluit van die Hoof van Departement moet aan die skool meegedeel word binne 14 dae na ontvangs van die skool se aansoek.
- (5) Die Skoolkiesbeampte moet - voor die verkiesingsdag - verseker dat -
- (a) die skool oor die skriftelike goedkeuring van die Hoof van Departement beskik om 'n daglange verkiesing te hou;
  - (b) 'n program in plek is vir die verkiesingsdag;
  - (c) al die benoemdes hulle profiele aan die skool gestuur het en het dit gereed is om buite die stemlokaal opgesit te word;
  - (d) die sluitingstyd waarnememers en die verkiesingspan in staat sal stel terug huis toe te reis; en

- (e) teen sluitingstyd iemand by die plek beskikbaar het vir die veilige bewaring van al die dokumente wat vir die verkiesings gebruik is.

### **Benoemings vir die daglange verkiesing**

20. (1) In die geval waar toestemming aan 'n skool verleen is deur die Hoof van Departement om 'n daglange verkiesing te hou, moet die volgende benoemingsproses gevolg word -
- (a) die hoof moet kennisgewings opstel rakende die benoemingsvergadering en die datum, plek en tyd vir die benoemingsvergadering meld; en
  - (b) die kennisgewing vir die benoemingsvergadering vir ouers moet versprei en vertoon word op opvallende plekke by die skool en in die gemeenskap minstens een en twintig (21) dae voor die datum van die daglange verkiesing
- (2) Die hoof moet verseker dat –
- (a) 'n harde kopie van die benoemingsvergadering oorhandig word aan elke leerder minstens een en twintig (21) dae voor die voorgestelde verkiesingsdag tesame met 'n mondelingse instruksie dat die kennisgewing en die benoemingsvorm aan hulle ouers oorhandig moet word; of
  - (b) alternatiewelik, moet 'n afskrif van die kennisgewing en die benoemingsvorm per pos aan die ouers van elke leerder gestuur word minstens een en twintig (21) dae voor die datum van die daglange verkiesing; of
  - (c) 'n kombinasie van die twee kennisgewingmetodes gebruik word op voorwaarde dat ouers en lede van die gemeenskap nie benadeel word nie; en
  - (d) die kennisgewing en die benoemingsvorm waar moontlik in die skool se taal van onderrig en in die huistaal (tale) van die leerders is om optimale deelname te verseker.
- (3) Die kennisgewing moet die ouers in kennis stel dat die benoemingsvorm deur die kandidaat, voorsteller en sekondant voltooi en onderteken moet word en aan die skool terugbesorg word veertien (14) dae voor die benoemingsvergadering en moet die profiel insluit bedoel in klousule (7).
- (4) Tydens die benoemingsvergadering, moet die Skoolkiesbeampte voldoen aan die klousule wat verband hou met die kworum en benoemingsproses bedoel in klousules (13) en (14).
- (5) 'n Kandidaat kan slegs benoem en geselekteer word deur 'n persoon wat aan dieselfde verteenwoordigende ledekategorie behoort as die kandidaat.
- (6) Die Skoolkiesbeampte moet verseker dat enige persoon wat geskik is om benoem te word en wat graag benoem wil word vry is om deel te neem aan die benoemingsproses en enige sodanige persoon moet hul profiel indien en die volgende meld -
- (a) sy of haar naam en van;
  - (b) die name en grade van sy of haar kinders in die skool;
  - (c) sy of haar beroep, ondervinding en vaardighede;

- (d) 'n verklaring wat aantoon dat hy of sy kwalifiseer om 'n lid van die Beheerliggaam te wees soos bedoel in klousule 4; en
  - (e) sy of haar kort verklaring wat die waarde aantoon wat sy of hy tot die skool kan toevoeg.
- (7) By die benoemingsvergadering moet die Skooldiesbeampte profiele van al die benoemdes versoek.
- (8) Na die benoemings, moet die Skooldiesbeampte die benoemings oorweeg en die benoeming van enige kandidaat verwerp –
- (a) wie se benoeming nie gesekondeer is nie;
  - (b) wie nie geskik is vir verkiesing nie; en
  - (c) wie nie die benoemingsvorm en die profiel soos vereis voltooi het nie.
